
# KERKSOEWENIER van Namakwaland.



N TAGTIGJARIGE REKORD,

1850—1930.



*Die Kerk.*

# KERKSOEWENIER
## VAN
# NAMAKWALAND.

***Geskiedkundige Oorsig van die Tagtigjarige Bestaan van die plaaslike Ned.-Ger. Gemeente.***

— *DEUR* —

*EERW. A. DREYER,*

*Archivaris Synodi van die N. G. Kerk in die Kaap-Provinsie.*

*Skrywer van Die Kaapse Kerk en Die Groot Trek, ens., ens*

*STELLENBOSCH*

*Pro Ecclesia-Drukkery, Pastoriestraat.*

*1930.*

## WOORDJIE VOORAF.

---

In *De Kerkbode* van 20 Augustus 1930 verskyn bo die handtekening van Ds. W. L. Steenkamp, die plaaslike predikant, die volgende kennisgewing en uitnodiging: —

> „Daar die gemeente Namakwaland sy 80-jarige bestaan op 2—5 Oktober aanst. dink te vier, word alle broeders predikante en sendelinge, veral van die Ring van Clanwilliam, hartlik uitgenooi tot die verrigtinge. Die nog in lewe synde weduwees van die vroeëre predikante van Namakwaland word ook uitgenooi, asook sendelinge van die Rhynse, Wesleyaanse en ander Suster-Kerke in Namakwaland.''

Hierdie Kerksoewenier word in verband met dié feesviering, op versoek en las van die Eerw. Kerkraad uitgegee, met die hartlike bede dat dit onder die seënende hand van die Koning van die Kerk mag bydra om die dankbaarheid en vreugde van die gemeente by die geleentheid te verhoog en die belangstelling in haar geestelike welvaart aantewakker en te bestendig.

Ek dank Dr. W. P. Steenkamp, Sr., vir die idee van die ontwerp op die omslag voorstellende 'n eg Namakwalandse gesig, en Mnr. D. S. Hendriksz, wat dié tekening sowel as die nuwe kaart van Namakwaland gemaak het.

*A. Dreyer.*

Kaapstad,

1 September 1930.